
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [11] 25:31-46 - Skape en Bokke

No.233

Waarom is dit so noodsaaklik om te waak en gereed te wees vir die wederkoms? Waarom moet mens getrou en verstandig leef? Waarom moet ons Christenskap ons allererns wees? Waarom moet ons ons roeping met alles in ons vermoë uitleef?

Daar kom 'n dag van afrekening!

Hoe leef ons getrou en verstandig? Hoe kan ek weet wat my roeping is; en hoe leef ek dit uit?

Dis die vrae wat die Here Jesus in hierdie laaste gedeelte van Sy profetiese rede aanspreek.

Die struktuur

Die 16 verse val uiteen in 4 gedeeltes. 25:31-33: Die skeiding van die skape en die bokke. 25:34-40: Fokus op die skape. 25: 41-45: Fokus op die bokke. 25:46: Die ewige straf en die ewige lewe.

25:31-33 : Die skeiding

Dit is 'n duidelike en onontkombare Bybelse waarheid dat daar 'n finale oordeel aan die einde van die geskiedenis sal wees. Jesus Christus sal terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel (2Tm 4:1).

Maak nie saak of jy dit ontken of ignoreer nie - jy sal daar wees. Lag dit af as jy wil - maar op daardie dag van hartverskeurende smarte en onuitspreeklike blydschap sal elke mens óf 'n skaap óf 'n bok blyk te wees. "Al die nasies" - almal - sal daar wees.

Ons hoef nie bang te wees dat die Here 'n fout sal maak nie. Hy sal geeneen wat aan Hom behoort, verwerp of vergeet nie. Sê Hy nie in Jh 10:14 nie: "Ek ken my skape ..."?

25:34-40: Die fokus op die skape

Let op die uitnodiging: "Kom, julle wat deur my Vader geseën is!" Die bevelsvorm in die Grieks beklemtoon dat dit dadelik moet gebeur: Kom hier! Kom vat dit! Dit waarvoor jy so lank gewag het, is nou joune!

Voorts keer die Here nie Sy skape op die ingewing van die oomblik uit nie.

Die koninkryk wat hulle gaan kry, is "van die skepping van die wêreld af" vir hulle voorberei. Petrus sê dat ons nou reeds 'n lewende hoop het op 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir ons in bewaring gehou word" (1Pt 1:3-4).

Die koninkryk wat ons op daardie dag as erfenis in besit sal neem, bestaan dus reeds. Dis soos 'n huis wat klaar gebou is, waarin nog net die finale afrondingswerk gedoen word. Het die Here nie gesê dis een van Sy groot take om in hierdie tyd ná Sy hemelvaart en voor Sy wederkoms vir ons "plek gereed te maak" nie (Jh 14:2)?

Wat is die maatstaf wat die Here aanlê?

Hy gee nie 'n ingewikkelde en tegniese uiteensetting nie. Sy oordeel is gebaseer op wat mense gedoen het, en klaar. Hulle dade is die norm.

Dis omdat redding wys! Nie ons woorde nie, maar ons werke wys wie ons werklik is.

J.C. Ryle was reg: "Evidence, evidence, evidence will be the one thing wanted when the great white throne is set ... I can find no evidence that will be admitted in that day, except sanctification."

Die aard van die werke

Die werke het direk met Jesus Christus te doen.

• Deurgaans word dit ten diepste vir die Here gedoen (35-36). Dis gedring deur liefde vir Hom.

• Jesus noem hierdie mense "regverdige" (37, OAV). Waarskynlik is die NAV reg as dit parafraseer met "dié wat die wil van God gedoen het." Hierdie is dus nie mense wat hulle eie koppe volg nie, hulle maak erns met die Here se opdragte. Sy Woord is hulle rigshoer.

• Dis liefdeswerke, barmhartigheidswerke. Dis bewoëheid oor diegene in nood - van watter aard ook al. Wat Jesus hier noem, is net voorbeelde vir enigiets wat jy in belang van ander doen. Dis om mense op die punt van hulle nood te ontmoet. Dis géé-liefde.

• Dit is werke wat amper onbewustelik tot uitdrukking kom. Só spontaan is dit dat die mense stom verbaas is: Here, wanneer het ons dit gedoen? (37-39).

Dis opregtheid wat hier beskryf word. Dis spontane liefdesuiting van die Here se wette wat Hy op hulle harte geskryf het. Hierdie is wedergebore mense.

• Dis dikwels klein dingetjies, hierdie goeie werke. Kennelik is dit die uitinge van 'n lewenswyse. Immers, wat jy in jou hart is, dit is jy - amper spontaan, heeldag, aldag, lewenslank.

• Mens hoef nie 'n multimiljoener te wees vir hierdie liefdeswerke nie. Ook nie superbegaafd nie. Dit gaan oor wat jy beskikbaar het. Dis tog wat Jesus in die gelykenis van die talente leer - mens se roeping is in ooreenstemming met jou vermoëns.

• Dis liefde wat veral betoon word aan Sy "broers", sê die Here (40). Waarskynlik is dit Sy manier om dieselfde te sê as Paulus in Gl 6:10: "Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."

25: 41-45: Die fokus op die bokke

Die feit dat hierdie verse die spieëlbeeld is van die fokus op die skape, moet ons waarsku om nie vas te steek by 'n bloot enkelvoudige vertolking van hierdie verse nie. Hierdie is voorbeelde wat die Here gebruik om 'n beginsel by ons tuis te bring. Dit gaan oor 'n helpende hand na diegene met nood om ons - wat ook al daardie nood mag wees.

Hierdie mense leef vir hulleself. En die Here het veral 3 dinge om vir hulle te sê:

- Hy beveel hulle: "Gaan weg van My af ..." (41). Hulle het gekies vir 'n lewe weg van Christus en ver van Sy mense af. Hulle wou gehad het die Here moet hulle uitlos. Nou kry hulle presies wat hulle gekies het.

- Jesus noem hulle "vervloektes" (41). Hulle is finaal deur God verwerp. Geleentheid vir omdraai is verby. Genade is daar nie meer vir hulle nie.

- Hulle bestemming is die ewige vuur wat vir die duiwel en sy demone voorberei is (41). Hierdie is 'n verskriklike vonnis! Net so min as wat ons die heerlijkheid van die hemel onder woorde kan bring, kan ons die angs en smart van die hel beskryf. En ergste van alles is dat dit 'n onomkeerbare en ewige lot is.

Die rede vir hierdie mense se lot (v.42-45).

Betekenisvol is wat die Here Jesus nie sê nie. Sekerlik sou Hy alle soorte sondes kon noem. En Hy sou teologiese redes kon noem. Hy sou kon sê dat hulle nooit uitverkies was nie - en dit sou waar wees. Hy sou hulle kon verwyt oor hulle ongeloof en dat hulle Hom verwerp het. Ook dit sou waar wees.

Al wat Jesus egter noem, is sondes van nalating. Hulle word verdoem, omdat hulle gewoon niks gedoen het nie!

Waarom doen die Here dit so? Om die regverdigheid van die oordeel te onderstreep. Hulle word nie veroordeel omdat hulle die menslik-

onmoontlike nie kon regkry nie. Nee, wat hulle moes doen, was basiese en voor die hand liggende medemenslikheid. Wat kan eenvoudiger en makliker wees - en meer voor die hand liggend - as dit wat hier genoem word?

Al wat hierdie mense verkeerd gedoen het, was om vir hulleself te leef!

Soos die een-talenter is ook hulle vol verskonings. Hy was kamtig bang vir die baas. Hierdie mense het kwansuis nie geweet nie (44). Nie gewéet nie! Enigeen van ons kan met 'n stok aanvoel dit gaan nie op nie. Wat is meer vanselfsprekend vir enigeen met net 'n greintjie gevoel vir sy medemens, as die genoemde dinge?

'n Slotwoord

Wat wys jou lewe? Waarheen is jy op pad?

Ons hoef nie te wonder nie - hoef ons? Kon Jesus vir ons 'n beter, duideliker en eenvoudiger maatstaf as hier gegee het? Liefde! Dienende liefde! "Evidence, evidence, evidence ...!"

Let op, dis 'n liefde en barmhartigheid waarvoor die ontvangers nie éérs hoef te kwalifiseer voor jy hulle help nie. Trouens, die Here noem juis hier behoeftiges wat nie kán kwalifiseer nie. Hy praat immers hier van die geringstes, van die mees magteloses.

Ons kan nie daarvan wegkom nie - liefde is so 'n wesentlike deel van egte Christenskap, dat jy gewoon nie gered is as jou lewe nie daardeur beheers word nie.

Dis vir seker nie maar 'n sentimentele en ruggraatlose liefde waarvan Jesus hier praat nie. Dis nie die patetiese aanvaarding van sonde en die leuen in mense, asof dit nie saak maak nie. Nee, dis 'n liefde wat sonder uitsondering sy knieë buig voor 'n groter liefde - die liefde vir die drie-enige God, vir Sy eer, vir Sy waarheid, vir Sy evangelie. Dis daarom nie die liefde van kompromie nie. Nee, dis juis 'n liefde wat ten diepste gedring word deur 'n brandende ywer vir die Here, vir Sy eer en vir die voortgang van Sy evangelie. Daarom is dit 'n liefde

wat ook kan konfronteer en mense met geweld soos brandhoute uit die vuur ruk. Dis 'n liefde wat weier om doekies om te draai. Dis 'n liefde wat kan seermaak - om ten minste party te red.

Dis ook nie die vertonerige liefde van die Fariseërs nie. Omdat dit ware liefde is, sien dit kans om onbevange en laag af te buig in die eenvoudigste dienswerk. Ware liefde hoef niks te bewys nie - behalwe die realiteit van die Heilige Gees se genadewerkinge in jou lewe. Ware liefde het geen behoefte of erg aan pretensies nie. Dit het aangeplaktheid nie nodig nie; trouens, dit weet maar te goed dat niks dit so vinnig diskwalifiseer as skynheilige bymotiewe nie.

My geliefde broers en susters, kom ons gaan dink lank en diep oor hierdie saak. Kom ons ondersoek onself of ons met die ware Jakob besig is. Kom dan, laat ons in integriteit ons belydenis uitleef. Kom ons neem vandag 'n kwaliteitsbesluit om nóg meer lief te hê as ooit in die verlede - om die grense wat ons in die verlede ingeperk het, oor te steek. Kom ons dien en deel uit soos nooit vantevore nie. Kom ons maak ons roeping en verkiesing vas, vas, vas! (2Pt 1:10, OAV).

Kom ons maak seker dat ons op daardie dag van afrekening die mooiste woorde sal hoor wat enige mens ooit kan hoor: "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer."

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; (vanaf 1 Okt 2012: Postnet Suite No.148, Privaatsak X 1, Northcliff, 2115).

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906